*Saterdag* **26 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 19:1-21**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 19:11-13 (AFR33/53/83/2020)**
**Waar soek jy na God in die onstuimigheid van die lewe?**

1 Konings 19 is in skrille kontras met die vorige hoofstuk waar Elia die almag van die HERE in die vuur uit die hemel aanskou het. Isebel se dreigement is soos ’n beker koue water oor hom na die triomf van die oorwinning op Karmelberg. Elia reageer soos ’n mens wat onder sware stres ly. Die geringste insident breek sy moed en hy bly (letterlik) lê.

Hy gaan kruip in die woestyn weg, waar hy verwag om te sterf. Die HERE versterk hom egter en gee vir hom krag om tot by Horeb te loop. En hier staan die moedelose profeet voor God en bekla sy lot. Hy het verwag dat die lewe anders sou wees na die gebeure op Karmelberg. Hy het verwag dat die koning en die volk die HERE se diens sou herstel, maar dit gebeur nie.

Nou openbaar God Homself aan Elia, maar Hy is nie sigbaar in die groot natuurtekens soos wat Hy op Karmelberg gedoen het nie. Die Here verskyn in ’n geluid van sagte stilte, ’n fluistering in die windstilte aan Elia, want Hy het geweet dat Elia nou vertroosting en bemoediging nodig gehad het eerder as die openbaring van sy krag en almag.

God is nie net ’n groot almagtige God nie, Hy is ook ’n persoonlike God wat in die geluid van sagte stilte, ’n fluistering in die windstilte na jou toe kom wanneer die lewe te veel raak vir jou. Waar soek jy na God in die onstuimigheid van die lewe? Soek Hom in Jesus. Neem sy uitnodiging wat Hy in Matteus 28:11 aan ons rig wanneer die lewe te veel raak. “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.”

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*